# Afskeid van regter Fanie Mynhardt en hulde aan Rit van Rooyen SC

Bygedra deur Riani van der Merwe

By die jaareindfunksie van die Pretoria Balie op 22 November 2007 is afskeid geneem van aftredende regter Fanie Mynhardt en ook hulde gebring aan Rit van Rooyen SC vir sy 50 jaar as lid van die Pretoria Balie.

Regter Mynhardt, wat langer as 14 jaar by die Balie gepraktiseer het en daarna 20 jaar as regter gedien het, het op 12 November 2007 afgetree. In sy afskeidsboodskap aan die advokate van die Pretoria-balie het hy gesê die twee uitstaande kenmerke van die Pretoria-balie is kollegialiteit en lojaliteit. Hy het die advokate bedank vir hul welwillendheid teenoor die regbank.

Regter Mynardt het op 'n ligter trant verskoning gevra dat sy 'humeur partykeer kort geraak het,' en verwys na Pierre Roux se stelling 'Mynhardt opposed the unopposed role.' Regter Mynhardt het egter sy lewe gewy aan gehalte werk en het die advokate ernstig gemaan om aan te hou om werk van hoogstaande gehalte te lewer aangesien dit vir enige regter, hetsy in 'n verhoor of in die onbestrede mosiehof, van onskatbare waarde is.

Rit van Rooyen SC (wat op 1 Februarie 2008 51 jaar lid van die Pretoria-balie is en steeds praktiseer) het op sy beurt hulde gebring aan regters wat die regbank met eer en waardigheid gedien het, regters van wie ex tempore-uitsprake verwag word, ten spyte daarvan dat hulle oorlaai word met leeswerk. Rit sê (onnodig beskeie) dat hy self het nie die gawe gehad om opinies te skryf nie, omdat hy nie kon 'delf in die onbekende' nie. Hy verkies om eerder in die hof te wees met 'n getuie, al is sy rug teen die muur. Daarom dat hy al so lank by die Balie is en nooit die regbank betree het nie.

Gerhard Grobler SC het gaste vermaak met staaltjies uit Rit van Rooyen se lang en opwindende loopbaan. Hy het hom beskryf as die non-konformis, die perfeksionis, 'die reus met die klein hartjie.' a

## Legal Crossword Number 4: Answers

**Across**

1. What one does to one's one evidence – ADDUCE
2. What others commit when they say things about you you don't like – DEFAMATION
3. When the vultures come together – CONCURSUS
4. A contract among states – CONVENTION
5. An offer that brings war – ULTIMATUM
6. The state of a judge in a full motion court – STRESSED

**Down**

1. The best plea to a claim for money – PAID
2. What one does to a litigant whose case is thrown out – NONSUIT
3. Thought (by himself mainly) to have been a great lawyer – CICERO
4. The misnomer for scientific evidence in criminal trials – FORENSICS
5. What must have happened to an acceptance to be effective – COMMUNICATED
6. To render void by unmaking – ANNUL


Feeling a little disorganised?



**Binders for Advocate/Consultus**

Subscribers who wish to keep their copies of the journal filed away neatly should consider purchasing our custom-made binders, strong enough to hold approximately 12 copies.

Order from: The Executive Officer, GCB, PO Box 2260, Johannesburg 2000, together with a cheque in the sum of R60 per binder (VAT and postage incl) payable to the General Council of the Bar of SA.

